

# SARS spreek nienakomende PPE-maatskappye aan

**Tshwane, 8 Oktober 2021** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het onlangs gefokus op 52 nienakomende maatskappye wat altesaam R1 miljard in kontrakte ontvang het vir die verskaf van persoonlike beskermende toerusting (PPE) en ander Covid-19-verwante dienste.

Tot op datum, is 11 maatskappye gevonnis, 7 sake is tans op die hofrol, 29 sake is by die Nasionale Vervolgingsowerheid (NPA) vir die optrek van klagstate en/of lasbriewe vir inhegtenisneming, terwyl 5 saakdosiere deur die Valke geprosesseer word.

SARS het R170 miljoen in belasting wat aan PPE-kontrakte gekoppel is, en R500 miljoen in bates (insluitend kontant) is onder bewaringsbevele. SARS ondersoek ook 33 entiteite wat gekoppel is aan polities-blootgestelde persone.

Daarby is verskeie maatskappye, wat regeringstenders ter waarde van R50 miljoen vir Covid-19-verwante dienste ontvang het, onlangs gevonnis omdat hulle nie vir belasting op toegevoegde waarde (BTW) geregistreer het nie.

Die maatskappye is tenders deur die Gautengse departement van onderwys toegeken vir dekontaminasie en diepskoonmaak van skole. Nog 'n maatskappy is 'n tender toegeken deur KwaZulu-Natal se departement van maatskaplike ontwikkeling vir die verskaffing van higiëniese toerusting en verbruiksartikels.

Die maatskappye is verlede week skuldig bevind en gevonnis in die Durbanse streekshof. Die vonnisse wissel van vyf tot tien maande gevangenisskap (met die opsie van 'n boete). Die sake volg op soortgelyke skuldbevindigings in Gauteng en die Vrystaat.

Die Fusion Centre, wat deur die regering gestig is, was verantwoordelik vir die koördinering van die wetstoepassingsreaksie op aantygings van korruksie of verwante bedrywighede, insluitend wanadministrasie van fondse ten opsigte van die verligting- en inperkingsingrypings. Die samewerking tussen SARS en ander agentskappe het geleid tot die beslaglegging op R41 miljoen in bates en kontant, gekoppel aan die entiteite hierbo genoem.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat SARS daartoe verbind is om met alle wetstoepassende agentskappe saam te werk om toenemende belasting- en doeannenakoming te verseker.

"Die organisasie sal nie slaplè met die vervolging van diegene wat van hul wetlike verpligte abdekeer deur nie vir belasting op toegevoegde waarde te registreer nie, wat vereis word van kwalifiserende maatskappye wat sake doen in beide die privaat en openbare sektore.

Dit blyk duidelik te wees dat sommige maatskappye buite die gereg bedrywig is en wins probeer skep uit die rampsspoedige pandemie wat die lewens en lewenslus van miljoene Suid-Afrikaners affekteer, veral die armes en kwesbares. Ongelukkig word die geplunderde fondse gebruik om uitspattige leefstyle te finansier," het hy gesê.

SARS het groot belangstelling in mismatige inkomste en uitgawes en inkonsekwente kontantvloei. Ondernemers moet verseker dat hul BTW-sake in orde is - nie net ten opsigte van uitstaande opgawes nie, maar dat die inkomstestrome, veral betalings uit kontrakte, konsekwent is met die BTW wat verskuldig en betaalbaar sal wees.

"SARS sal voortdurend nienakoming naspoor en dit duur maak vir diegene wat hul daaraan skuldig maak. Die regering maak staat op SARS om belastings in te vorder om dienste te verskaf soos maatskaplike verligting aan ouer persone, kwesbare individue en huishoudings. 'n Belastingoortreding is in werklikheid 'n misdaad wat die armes en kwesbares beroof," het mn. Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).